ALLES WAT JY WIL WEET

Sondag

16 SEPTEMBER 2007
R5 BTW ingesluit



LIEFDE BLOM TUSSEN MOOIE NICOLA EN RYK YANK – BL 6

SA SUPERMODEL EN HAAR LIEFDE TROU BEGIN VOLGENDE JAAR

Nicola en Ben: Die liefde seëvier

Nicola en Ben vier hul liefde met 'n romantiese somervakansie.

MARLENE MALAN

Die geheim is uit: Die Suid-Afrikaanse supermodel Nicola Breytenbach en haar New Yorkse sakeman-verloofde Ben Steiner trou vroeg aanstaande jaar.

Op hulle pas afgelope vakansie in St. Tropez het Nicola en Ben besluit hulle troue gaan heel moontlik saamval met die toekenning van Ben se meestersgraad in sake-administrasie in Mei aanstaande jaar.

En daar's nie 'n beter plek in die wêreld as St. Tropez, aan die Franse Riviera, of 'n beter geleentheid om so 'n gewigtige besluit te neem, as tydens 'n romantiese see-vakansie op 'n luukse-jag nie.

Die groot vraag het Ben vroeër vanjaar in hul woonstel op die 47ste verdieping van Trump Towers in New York gevra.

St. Tropez gaan na alle waarskynlikheid ook hulle trouplek wees, sê Nicola.

Die dorp, met sy Middeleeuse boustyl, is beroemd as een van dié speelplekke van die wêreld se rykes met hulle luukse-jagte, sportmotors en helikopters.

Vir toeriste is die groot tydverdryf hier "om mense – die rykes en bekendes" te bekyk.

Die verliefde paartjie, wat al agt jaar lank vas uitgaan, het die somerson saam met van hulle beste vriende vir oulaas as losloopers gaan indrink op 'n plek waar David Beckham en sy vrou, Victoria, asook Puff Daddy, Ivana Trump, Joan Collins, Elton John en die Ierse sanger Bono uithang.

Ben se pa besit die grootste landgoed op dié rykmanseiland.

"Hulle het sulke besige lewens, maar hulle kon dit nou in September inruim om vir die tweede keer hier vakansie te hou," sê Nicola se woordvoerder, Andrew Farr.

Waarskynlik sal hulle 'n deel van hulle witte-brood ook hier deurbring, maar dié inligting, sê Farr, kan nie een hy bevestig nie.